**Skriflesing:** 1 Johannes 5:1-13
**Tema:** Die belangrikste kant van 'n muntstuk.

Ek is versigtig omvir jou blokkies te gee waarin jy jou Christenwees kan afmerk. Wanneer jy almal kan afmerk, is jy reg. Wanneer jy leë blokkies het, is jy nog nie reg nie. Ek is versigtig hiervoor, want kind van God wees is 'n lewende verhouding met die Vader, Seun en Heilige Gees.

Maar ons vind tog 'n paar eienskappe van 'n kind van God in die 13 verse wat ons gelees het. Dit is ook in 'n sekere sin 'n samevatting van Aprilmaand se boodskappe ui 1 Johannes in die gemeente.

In die tyd van 1 Johannes was daar dwaalleraars wat geleer het dat Jesus nie werklik mens geword het nie en dat Hy nie Christus, ons Verlosser, is nie

'n Kind van God **glo God se getuienis dat sy Seun mens geword het en ons Verlosser is.**
Hierdie getuienis word deur 3 getuies bevestig.
Die getuienis word bevestig deur Jesus se doop met water. By sy doop het God bevestig: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My." (Matteus 3:17)
By sy doop bevestig Johannes die Doper: "Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" (Johannes 1:29)

God se getuienis is ook bevestig aan die kruis. Jesus Christus se bloed het vir ons gevloei. Sy dood in ons plek, is allesbepalend. Hy het as die mensgeworde Seun van God gesterf en opgestaan om ons van ons sonde te verlos en ons met God te versoen. Die is die hartklop van die evangelie.

Die Heilige Gees bevestig die waarheid van die verlossing deur Jesus Christus en dat Hy die Seun van God is. Die Gees werk in ons sekerheid hiervan.

Volgens die Joodse reg is getuienis net aanvaar as 2 of 3 getuies dit bevestig het. Hier is dit God self wat getuig. Sy getuienis word bevestig deur Jesus Christus se doop en sy kruisdood. Ook die Heilige Gees getuig en laat by ons geen twyfel dat Jesus Christus die Seun van God en ons Verlosser is nie. Hy is God se ja sê vir ons. Hy bevestig dit vanoggend weer by doop. Wanneer ons dit wegneem, is daar geen grond meer vir die bestaan van die Christelike geloof nie.

Ons maak sy oorwinnaarslewe, gevul met liefde, wat Hy beskikbaar stel vir Hy alle mense ons eie deur geloof. Geloof is my dankbare ja sê wat volg op God se ja sê vir my. Dit is die bedelaarshande waarmee ek God se ja sê vir my, my eie maak.

Die belangrikste kant van die muntstuk is God se ja sê vir ons. Die muntstuk word egter eers volledig gemaak deur ons dankbare ja sê vir Christus.

**Iemand wat ja sê vir God, leef die ja in die gehoorsaam aan sy gebooie.**
Ware geloof word sigbaar in 'n lewe van liefde. Wie glo in Jesus Christus het God lief met alles wat ons het en is. En ons het ander mense lief. Liefde vir ander mense begin by medegelowiges vir wie ons liefhet. Ons ken ons bure. Liefde beteken om met oop arms te leef.

Solank `n mens kennis van en liefde vir God het, was dit vir dwaalleraars in die tyd van die skrywe van die Johannes brief voldoende. Hulle het geleer dat om mekaar lief te hê, nie belangrik was nie.
Dit is inderdaad dwaalleer.
Om sy gebooie te gehoorsaam, met ander woorde om God lief te hê en ander mense lief te hê, is 2 kante van dieselfde muntstuk. Ons kan die 2 nie van mekaar skei nie. In 1 Johannes 4:20-21 en 5:1 lees ons: "[20]As iemand sê: "Ek het God lief," en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie. [21]En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê.
[1]Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is 'n kind van God; en elkeen wat vir die Vader liefhet, het ook die ander lief wat kinders van die Vader is."

Iemand wat so ja antwoord op God se groot ja, **deel nou reeds in die ewige lewe wat God vir ons gratis gee.** Ons dink te veel aan die ewige lewe as iets wat eendag ver weg in die toekoms gaan gebeur. Die Here gaan ons inderdaad kom haal om in volmaaktheid by Hom te wees. Ons lees sy versekering hiervan in Johannes 14:1-3: "[1]Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. [2]In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. [3]En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."

Maar ons as kinders van God deel nou reeds in sy ewige lewe, 'n lewe gevul met liefde. In 1 Johannes 5:11-13 lees ons: "[11]En die getuienis behels dít: God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun. [12]Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie.
[13]Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo."

Ons neem nou reeds deel aan God se oorwinningstog oor die sondige en vyandige wêreld. In 2 Korintiërs 2:14 lees ons: "Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog omdat ons een is met Christus."

Ons is vandag reeds saam met Hom op 'n triomftog oppad na sy finale oorwinning. Daar wag vir ons die nimmereindigende volmaakte lewe waar geen seerkry, pyne, trane, dood of hartseer meer sal wees nie.

Ek sluit af.
Wat is die belangrikste kant van ‘n muntstuk?
God se ja sê vir ons is belangrik, maar die muntstuk is net volledig as ons dankbaar in geloof ook ja antwoord. Geloof en dade van liefde is 2 kante van dieselfde muntstuk. Liefde vir God en liefde vir mense is 2 kante van dieselfde muntstuk. Ons kan die 2 kante nie van mekaar skei nie en die twee kante is ewe belangrik.
Amen